kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: **Die blinde Bartimeus: Om te kan sien . . .**

Skriflesing: Markus 10:46-52

Broodjies vir die pad

"Goodbye," said the fox. "And now here is my secret, a very simple secret: It is only with the heart that one can see rightly; what is essential is invisible to the eye."
— Antoine de Saint-Exupéry

"To love another person is to see the face of God."
— Victor Hugo, Les Misérables

"We are sun and moon, dear friend; we are sea and land. It is not our purpose to become each other; it is to recognize each other, to learn to see the other and honor him for what he is: each the other's opposite and complement."
— Hermann Hesse, Narcissus and Goldmund

"When it is dark enough, you can see the stars."
— Ralph Waldo Emerson

"Whoever fights monsters should see to it that in the process he does not become a monster. And if you gaze long enough into an abyss, the abyss will gaze back into you."
— Friedrich Nietzsche

"The most beautiful experience we can have is the mysterious. It is the fundamental emotion that stands at the cradle of true art and true science."
— Albert Einstein, The World As I See It

"In the case of good books, the point is not to see how many of them you can get through, but rather how many can get through to you."
— Mortimer J. Adler

"I don't know anything with certainty, but seeing the stars makes me dream."
— Vincent Van Gogh

Touched with Joy

THERE IS NOT ONE of us whose life has not already been touched somewhere with joy, so that in order to make it real to us, to show it forth, it should be enough for Jesus simply to remind us of it, to make us remember the joyous moments of our own lives. Yet this is not easy because, ironically enough, these are likely to be precisely the moments that we do not associate with religion. We tend to think that joy is not only not properly religious but that it is even the opposite of religion. We tend to think that religion is sitting stiff and antiseptic and a little bored and that joy is laughter and freedom and reaching out our arms to embrace the whole wide and preposterous earth which is so beautiful that sometimes it nearly breaks our hearts. We need to be reminded that at its heart Christianity is joy and that laughter and freedom and the reaching out of arms are the essence of it. We need to be reminded too that joy is not the same as happiness. Happiness is man-made—a happy home, a happy marriage, a happy relationship with our friends and within our jobs. We work for these things, and if we are careful and wise and lucky, we can usually achieve them. Happiness is one of the highest achievements of which we are capable, and when it is ours, we take credit for it, and properly so. But we never take credit for our moments of joy because we know that they are not man-made and that we are never really responsible for them. They come when they come. They are always sudden and quick and unrepeatable. The unspeakable joy sometimes of just being alive. The miracle sometimes of being just who we are with the blue sky and the green grass, the faces of our friends and the waves of the ocean, being just what they are. The joy of release, of being suddenly well when before we were sick, of being forgiven when before we were ashamed and afraid, of finding ourselves loved when we were lost and alone. The joy of love, which is the joy of the flesh as well as the spirit. But each of us can supply his own moments, so just two more things. One is that joy is always all-encompassing; there is nothing of us left over to hate with or to be afraid with, to feel guilty with or to be selfish about. Joy is where the whole being is pointed in one direction, and it is something that by its nature a man never hoards but always wants to share. The second thing is that joy is a mystery because it can happen anywhere, anytime, even under the most unpromising circumstances, even in the midst of suffering, with tears in its eyes. Even nailed to a tree.

What Jesus is saying is that men are made for joy and that anyone who is truly joyous has a right to say that he is doing God's will on this earth. Where you have known joy, you have known him.

— Frederick Buechner, Originally published in *The Hungering Dark*

Dink ons nou anders oor 'wokeness'?

Leslie van Rooi

Debatte binne die paradigma van sogenaamde "wokeness" is steeds deel van vele gesprekke. Dink maar aan die huidige openbare debat oor of die Proteas moet kniel voor wedstryde of nie.

Die gesprekke wat hiermee verband hou, word gereeld gekenmerk deur diep polariserende verdelingslyne.

Maar die aard van hoe ons "wokeness" verstaan en dalk ook hoe "woke" ons is, het oor die jare heen ook verander.

Dit is daarom opvallend om te sien wie tans debatte onder die vaandel van "wokeness" stimuleer en wie dit nie doen nie. Dit is veral interessant om te sien wie dit nie meer doen nie.

In 'n onlangse Vrye Weekblad-nuusbrief skryf Max du Preez dat hy 'n kanselleerder is. Hy verwys natuurlik na die invloed en rol van die sogenaamde kanselleer-kultuur. Du Preez dui in sy skrywe aan hoe politieke korrektheid, identiteitspolitiek en "wokeness" oor dekades heen ontwikkel het en hoe dit tans uitspeel en neerslag vind in debatte hier wat dalk nie so plaaslik van aard is nie.

Nes hy dink ek dat plaaslike debatte gereeld sterk beïnvloed word deur wat oorspoel, veral vanuit Amerika.

En 'n mens kan dit op 'n manier verstaan – daar is iets aan ons geskiedenis, ons huidige werklikhede en ons debatte wat soms gemeenskaplikhede bevat. Dit is vandag dalk veral waar in die konteks van universiteitskampusse.

Maar dan eindig Du Preez sy nuusbrief deur te vra dat ons nie sommer maar net debatte met 'n oorsprong in ander kontekste moet oorneem en vir onsself toeëien nie.

Ek is van mening dat hy reg is. Dit is nie dat die sake nie ook hier aanklank vind nie – dit is meer 'n pleidooi van Du Preez se kant dat ons konteks meer spesifiek moet wees in ons debatte,

neigings, rigtings en oplossings.

Veral as dit kom by brandende kwessies – soms letterlik – wat spesifiek is tot ons.

Vir my is die interessantste aspek van Du Preez se rubriek dat hy aantoon hoe politieke korrektheid oor geslagte heen neerslag gevind het en ook hoe dit ontwikkel het – ook soos wat teorieë ontwikkel het.

Dit laat my dink aan twee onlangse gesprekke.

Die een speel af in ’n koffiewinkel op Stellenbosch langs ’n verkiesingsplakkaat wat verval wil stop en langs ander wat juis inspeel op ’n mate van identiteitspolitiek.

’n Vriend wat tans in Nederland studeer en werk, kom groet en ons gesels oor debatte hier en in Nederland. Die tema van “wokeness” kom ter sprake en hy deel voorbeelde van hoe dit tans uitspeel in die Nederlandse konteks.

Die gesprekke daar is natuurlik sterk beïnvloed deur die Black Lives Matter-beweging. Ons dink saam daaroor en wonder of gesprekke en praktyke hier wat geskoei is op politieke korrektheid meer of minder verdraagsaam is teenoor die “ander”.

Ons gesels ook oor hoe die debat hier geskuif het en wonder saam of debatte hier dalk nou minder “woke” is as vroeër.

Waar val die klem deesdae?

Die tweede gesprek speel af op die vierde vloer van ’n koshuis by die Universiteit Stellenbosch (US). Tydens hierdie gesprek gesels studenteleiers oor die betrokke koshuisgemeenskap se waardes en juis hoe hulle veral oor die afgelope jaar geleer het dat verantwoordbaarheid ’n belangrike waarde is.

Die waardes, of so verloop die gesprek, help juis teen polariserende gesprekke en praktyke wat slagofferskap versterk en wat kanselleer. Want binne die konteks van verantwoordbaarheid, is jy ook verantwoordelik vir jouself. Maar meer nog, hierdie selfverantwoordbaarheid staan as ’n waarde ook in verhouding tot ander. Jy is dus deel van ’n groter gemeenskap met gemeenskaplike waardes.

Dalk is die verskil in die twee gesprekke die perspektief: Die eerste een was op straatvlak en die tweede op ’n vierde verdieping met ’n pragtige uitsig in die rigting van Simonsberg en die Jonkershoekvallei.

Hoe dit ook al sy, dit lyk my tog of die debat en veral die aksent van die debat dalk aan’t verander is – veral onder studente op ons kampusse.

As ek dink aan die debatte in 2015 en daarna, wil dit soms voorkom of jonger mense van verskillende agtergronde hulself minder steur aan die idee van “wokeness”.

Die klem, of so lyk dit vir my, val op egtheid, om jouself te wees, en om ander hulself te laat wees. Die intensiteit van die debat wat elkeen in ’n kamp gelaat het (of jy nou daar wou wees of nie), blyk minder te wees en die moontlikheid van die individu om hom- of haarself te laat geld, is weer meer.

Die gereelde “kanselleer” in die onlangse verlede het dalk die invloed dat ons nou weet dat daar ander kante aan ’n saak is. Of dalk gee jonger mense ook net minder om oor die idee/konsep en word dit verruil vir ander paradigmas met ’n skerp klem op ander kwessies.

Die tyd sal leer.

Maar vir eers is dit fassinerend om te sien dat individue en groeperinge wat vroeër erg kapsie gemaak het teen argumente waar die idees van geleefde werklikheid, individuele gevoelens van verontregting, die kanselleer-kultuur en identiteitspolitiek gegeld het, juis nou dalk meer “woke” is as diegene wat hulle vroeër in die middel van hierdie debat bevind het. Kyk maar net na die verkiesingsveldtogte en -debatte om elemente hiervan raak te sien.

Dalk is dit maar hoe die pendulum bly swaai.

** Dr. Van Rooi is senior direkteur: sosiale impak en transformasie aan die Universiteit Stellenbosch.*

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/dink-ons-nou-anders-oor-wokeness-20211027

Brood vir die pad

Oorweeg die ander logika van jou geloof

Wilhelm Jordaan

In gesprekke oor geloof gebeur dit gereeld dat mense “absolute” stellings maak. Soos: “In mý Bybel word selfdegeslagverhoudings afgekeur; in mý Here se oë is dit of dat sonde; Jesus het letterlik uit die dood opgestaan (die graf was leeg), óf hy het nie; jy dien die Here óf jy dien hom nie; ’n mens is óf gelowig óf nie.”

Wie só praat, gebruik onwetend ’n soort Aristoteliaanse logika; die “wet van geen weerspreking” wat lui: Niks kan tegelyk A en nie-A wees nie. Daarvolgens is dit byvoorbeeld onlogies om gelyktydig ongeloof en geloof te bely. Op die oog af klink dit reg. Maar iets is nie pluis nie.

Verby strak logika is daar ook ’n dialektiese logika wat daarop gerig is om die middelterrein tussen opponerende standpunte te verken. Om met die oë van “én-én” eerder as “óf-óf” na geloofsvrae te kyk. Soos die teoloog Marcus Borg dit doen as hy praat van geloof as ’n voortgaande gesprek eerder as ’n vaste, onveranderlike “posisie”.

Dít is in teenstelling met diegene vir wie onsekerheid, twyfel oor en die bevraagtekening van tradisionele geloofsopvattings en -uitings ’n sondige ondeug is. Dit is juis húlle wat die onversetlike wet van geen weerspreking aanwend.

Dit word dan dikwels ook ’n manier van dink oor omtrent alle lewensdinge; toegeklamp in die netjiese kategorieë van swart of wit sonder ’n bewussyn van die skitterende grys landskap tussen-in. Bewustheid van dié “grys landskap” beteken die verrekening van “ander” geloofsmoontlikhede.

Byvoorbeeld: Die tradisionele Apostoliese Geloofsbelydenis (die Twaalf Artikels) is vir sommige mense problematies. Om dit met oortuiging woord vir woord na te sê, soos die gebruik in ’n erediens is, is vir hulle moeilik.

Maar dialektiese logika laat ’n ander “lesing” toe. Enersyds: Dié belydenis roer my en roep die verlange na God in my wakker. Dit is die geloofspad waarlangs die kerkvaders geloof eeue gelede begryp het en waarlangs ek ook van kindsdae af gekom het. Ek kan my daarin verbly as ’n kosbare tradisie waarsonder ek nie wil wees nie.

Andersyds, en terselfdertyd: Ek glo die geheimenis van God en Christus is ontvouend en dit laat my toe om dit wat vir my vreemd geword het, in te klee met eerbiedige verwonderingstaal wat ook die mistiek van geloof toelaat.

Soos die digter Sheila Cussons dit doen in “Die sagte sprong”: “Dit kom wanneer dit nie verwag / word nie: ’n aanraking van die verstand / lig soos ’n veer, vlugtig maar presies . . . / iets wat die bewussyn tot / in die lewe tref, iets soos ’n sagte sprong / – vreugde, verbasing, vreugde, herkenning: . . .”

Waarmee ’n struikelende, twyfelende, spartelende, soekende mens in die woorde van die pa van ’n maansieke kind, soos dit in die Bybel aangeteken staan, kan uitroep: “Here, ek glo. Help my in my ongeloof.”

Juis dít wat die katolieke teoloog Hans Küng in Latyn simul fidelis et incredulus noem: Om tegelyk te glo en nie te glo nie . . .

** Jordaan is ’n emeritus professor in sielkunde.*

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/oorweeg-die-ander-logika-van-jou-geloof-20210914

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877